

Dinsdag 14 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:9-11

Wie is almal Satan se bondgenote?

En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie, hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang (Op. 14:9-11, 1953-vertaling).

Die derde engel kry sy beurt. Die derde engel dui die mense aan wat saam met Satan se stad verdelg gaan word. Dis die mense wat die dier aanbid, of dié wat sy merk op hulle hand of voorhoof ontvang het! Sulke mense gaan drink van die wyn van God se grimmigheid wat ongemeng ingeskink is!

Die Bybel gebruik hier 'n beeld. Ongemengde wyn was sterk wyn wat nie met water gemeng was nie. Hulle het sterk wyn met water gemeng sodat dit hulle nie so gou dronk gemaak het nie. Hier is dit simbool van God se woede ... *die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is ...* Daar gaan vir sulke mense niks wees wat die toorn van God gaan versag nie. Hulle gaan die volle toorn van God ontmoet omdat hulle Hom nie aanbid het nie, en afgodery – of geen god – aanbid het.

Daar is nog iets van belang uit hierdie engel se woorde. Die oordeel van God gaan nie sommer die hele wêreld tref soos 'n wind wat daaroor waai nie! Nee, dis individueel. Elke mens gaan in 'n stadium alleen voor die Here staan – persoonlik tot verantwoording geroep word.

Sing: Psalm 18-1:3

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)